

## Vliegje met 'n "hamerkop" Sphyracephala becarrii

E:stalk-eyed fly A: ? D: Stielaugenfliege




Hierdie snaakse kalant is 'n vliegje, wat ons dadelik kan identifiseer as sulks, omdat dit **slegs een paar vlerkies** het, al die ander insekte met vlerke het twee paar (behalwe een uitsondering, 'n insekparasiet met die naam van *Strepsipteran*).

Die habitat van hierdie soort vliegje is eintlik tropies van aard, warm en vogtig, eintlik meer in die laer liggende plantegroei, daar waar plantdele verrot.. Dat ek hulle hier by ons gesien het, is verbasend; dalk het dit te doen met die goeie afgelope reënseisoen. Hier sien ek hulle in die lemoenboord en by die grenadellaplant. Dit wil my voorkom of hulle saans in 'n

kleinerige groep of swerm versamel om te oornag.

Wat die eintlike doel van die gesteelde oë is, is nog nie heeltemal seker nie. Dalk aap hulle springspinnekoppe na, wat voor op die gesig twee groot oë het; sodoende word moontlike vyande afgekrik. Besonders is verder, dat die voelers van die vliegjes op die oogsteeltjie sit en nie in die midde van die kop nie. Die voelers (antenna) is tweeledig, dit lyk soos 'n haartjie op 'n bolvormige staandertjie.




*So lyk die oë van springspinnekoppe, vir insekte moet dit nogal traumaties wees om so bekyk te word!*

Dit blyk dat die vliegiewyfies mannetjies met 'n wye oogspan verkies bo diegene met 'n smaller ene, omdat hulle meer vrugbaar is en moontlik 'n geen besit (wat by die wyfies ontbreek), wat manlike nageslag veroorsaak; die geen kan dalk in die Wetenskap nog 'n belangrike rol speel. Die mannetjies met die wyer oogspan wen ook gewoonlik die mededingings onder mannetjies, waar dit oor die wyfies gaan.

Al die vlieë (Diptera of een-paar-vlerkiges) is vliegakrobate ten spyte daarvan dat hulle slegs een paar vlerke het. Hoe kry hulle dit dan reg om so goed te kan beweeg in die lug? Die verklaring lê in 'n klein apparaatjie, wat hulle in plaas van die agterste vlerke ontwikkel het. Hierdie apparaatjie, **Haltere** genoem,



stabiliseer die vlieg se liggaam in die lug, terwyl dit vlieg. Die Halteres kan in drie rigtings gelyktydig roteer, soos uitgebeeld in die klein prentjie



*Roll* is draai vertikaal in die rondte

*Pitch* is draai horisontaal in die rondte

*Yaw* is , so verstaan **ek** dit, 'n skuins rotasie.

**Kyk gerus, alle vlieë het dit.**

Ons kan net altyd weer verbaas staan oor die tegniese wonders in die natuur, in hierdie geval vir ons uitgewys deur 'n vlieg wat maar vier millimeter lank is.

Dit wys ons ook: **As jy iets snaaks sien, neem die tyd en kyk ordentlik daarna, dit mag die moeite werd wees!**

**Inligtingsbronne: Alex Dreyer (Dankie!)**

Remarkable Insects of South Africa Lambert Smith

Insects of South Africa (Mike Picker, Charles Griffiths, Alan Weaving

<https://en.wikipedia.org/wiki/Halteres>

<https://www.revolv.com/main/index.php?s=Stalk-eyed%20fly>

Foto van rotasie Roll, Pitch en Yaw: Wikipedia-link

Teks en fotos van vliegies: Anka Eichhoff

Mei 2017